WILDSWINKEL
maklik eerlik direk

Address Die Klubhuis - first floor,
corner 18th street and Pinaster Ave,
Hazelwood, Gauteng,
0081

Tel (+27 12) 001 3112
Fax (+27 86) 243 3294
Email bemarking@wildswinkel.co.za
Website www.wildswinkel.co.za

Geagte Wildswinkel Kliënt,

WILDSWINKEL Bosveld I veiling

Wildswinkel is opgewonde om weer 'n katalogus-veiling aan te bied op **10 Maart 2018** en soos oudergewoonte sal dit plaasvind by ons Wildswinkel veilingsperseel net buite Bela Bela**.** Dit is die eerste van die reeks bosveld veilings wat Wildswinkel in 2018 gaan aanbied.

Indien u sou belangstel om van u diere op ons veiling aan te bied, voltooi asseblief die aangehegte dokument en verlangde inligting en stuur dit terug aan ons voor **01 Desember 2017**. Hou asseblief in gedagte dat ons top genetika diere wil aanbied op die veiling.

Ons sal u dan skriftelik in kennis stel, voor of op **07 Desember 2017,** of u inskrywing wel suksesvol was, al dan nie.

Veilingsvoorwaardes en -bepalings:

- Ons het 'n nuwe model ontwikkel wat die geleentheid skep vir die verkoper om 'n reserweprys op sy / haar lot te plaas - die volgende voorwaardes sal geld:
  - Die lot se beraamde minimum waarde moet bo R250 000 wees. (Die reserweprys word ooreengekom tussen die verkoper en Wildswinkel se bemarker. Geen onrealistiese waardes gaan aanvaar word nie en reserwepryse sal streng in lyn met huidige markpryse bepaal word).
  - Daar word 'n inskrywingsfooi gehef indien 'n verkoper 'n reserweprys op sy / haar lot/te wil plaas. Die inskrywingsfooi is streng voor die veiling betaalbaar en word as volg bereken:
    - Lot waarde: R250 000 – R499 999 = R15 000 per lot.
    - Lot waarde: R500 000 – R999 999 = R20 000 per lot.
    - Lot waarde: R1 000 000+ = R30 000 per lot.
  - Die inskrywingsfooi is betaalbaar wanneer Wildswinkel u in kennis stel dat die lot wel goedgekeur is vir die veiling. Op lotte waar 'n reserweprys van toepassing is, sal die gepaardgaande inskrywingsfooi van die lot verreken word teen die kommissie

WILDSWINKEL
maklik eerlik direk

Address Die Klubhuis - first floor,
corner 18th street and Pinaster Ave,
Hazelwood, Gauteng,
0081

Tel (+27 12) 001 3112
Fax (+27 86) 243 3294
Email bemarking@wildswinkel.co.za
Website www.wildswinkel.co.za

betaalbaar indien die lot verkoop word op die dag van die veiling. Indien die lot nie verkoop word nie, word die inskrywingsfooi verbeur.

- Sou u verkies om nie 'n reserweprys op die lot te plaas nie, is daar geen inskrywingsfooi betaalbaar nie en word die lot op 'n geen-reserwe basis verkoop.
- By alle lotte waar die bogenoemde waarde onder R250 000 is, geld 'n geen-reserwe basis steeds en het die verkoper nie die opsie tot 'n reserweprys nie.

"Timed Auction"

- Daar sal saam met elkeen van die Wildswinkel-handelsmerk veilings 'n "Timed Auction" aangebied word. Die veiling sal plaasvind op ons Wildswinkel Toep en Webtuiste.
- Ten einde die aanbieding van kwaliteit diere op die veilings te verseker, staan u as verkoper voor die keuse om u lotte op die lewendige veiling en/of op die "Timed Auction" te plaas. Die finale besluit oor watter lotte op die lewendige veiling of "Timed Auction" geplaas sal word, berus by die diskresie van die Wildswinkel-span en sal in samewerking met die bemarkers bespreek word.
- Elke lot op die "Timed Auction" sal op 'n bepaalde verkoopswaarde begin word wat realisties en ook in lyn is met markverwante pryse. Dus, as daar dan slegs een bod op die lot is, sal die lot as verkoop beskou word.

- 'n Verkoopskontrak word gesluit tussen Wildswinkel en die Verkoper. Die kontrak geld vir al die dier/e wat aangebied word op beide die lewendige veiling sowel as die "Timed Auction" - Die volledige bepalings en voorwaardes sal aangeheg wees tot die kontrak.
- 'n Komitee van bemarkers evalueer al die aansoeke d.m.v. 'n streng keuringsproses en besluit dan watter diere aangebied gaan word op die veiling. Die keuringsproses neem onder andere in ag wanneer die veiling plaasvind, die geografiese ligging van die veiling en die kwaliteit van die diere.
- Sodra die diere goedgekeur is om op die veiling aangebied te word, sal u skriftelik in kennis gestel word.

WILDSWINKEL
maklik eerlik direk

Address Die Klubhuis - first floor,
corner 18th street and Pinaster Ave,
Hazelwood, Gauteng,
0081

Tel (+27 12) 001 3112
Fax (+27 86) 243 3294
Email bemarking@wildswinkel.co.za
Website www.wildswinkel.co.za

Ingesluit by die verkoopskommissie:

Versekering aangebied op die Wildswinkel handelsmerk veilings:

- *Wildswinkel Versekering Makelaars (Edms.) Bpk* verseker alle diere wat op die Veiling aangebied word
- Versekering sluit in Vangs, Transito en 30 dae Alle Risiko Velddekking.
- Addisionele boma en bloei versekering kan gereël word deur *Wildswinkel Versekering Makelaars (Edms.) Bpk*.
- Veilingsvoorwaardes en bepalings geld.

Advertensieveldtog en -kostes

- Bemarking van die veiling en diere op verskeie media platforms.
- Wildswinkel se platforms behels die volgende:
  - Wildswinkel E-pos databasis – 4920*
  - Wildswinkel App/Toep gebruikers – 8751*
  - Facebook-blad *likes*- 20652*
  - Instagram *posts* bereik – 6785*
  - Wildswinkel webtuiste – 19 066* gemiddelde *views* per maand.
- Ander platforms:
  - Gedrukte media in die volgende tydskrifte - "*Wild & Jag*", "*Landbouweekblad*" en "*Wildlife Ranching SA*".
- Uitleg, ontwerp en druk van die katalogus.
- Die Veilingslokaal: klank- en beeldtoerusting met 'n professionele bestuurspan, stoele, tafels, saal / tent, registrasie personeel, onthaal ens.
- Afslaer – Wildswinkel tesame met 'n knap span *spotters*.

➢ Die Verkoopskommissie word teen 12% bereken op die verkoopprys per lot op die dag van die veiling

*Statestieke soos op 1 November 2017

WILDSWINKEL
maklik eerlik direk

Address Die Klubhuis - first floor,
corner 18th street and Pinaster Ave,
Hazelwood, Gauteng,
0081

Tel (+27 12) 001 3112
Fax (+27 86) 243 3294
Email bemarking@wildswinkel.co.za
Website www.wildswinkel.co.za

Uitgesluit by verkoopskommissie:

- Alle pyl-, meet- en ander kostes om data te verkry.
- Vervoer van die diere na die Wildswinkel perseel, sou die diere na die perseel gebring word. (Eienaar se keuse)
- Vervoer van die diere ná afloop van die veiling na die koper se perseel.
- Foto's en data moet voorsien word deur die Verkoper. Sou enige foto's of data nie 100% akkuraat wees nie, sal die diere nie op die veiling aangebied word nie. In die geval waar die insameling en verkryging van foto's en data nie self deur die verkoper behartig kan word nie, kan Wildswinkel genader word om by te staan met die proses.

Daarna sal die volgende inligting benodig word:

1. Foto's (minimum 2 MB);
2. Vollyf foto geskik vir 'n katalogus (resolusie en grootte moet reg en voldoende wees);
3. Foto's van horing mates met tag/mikroskyfie nommer;
4. Tande foto's met tag/mikroskyfie nommer;
5. Horing mates, gesertifiseer en gewaarborg deur die verkoper;
6. Die mate-standaard waarin gemeet moet word is in Duim/e;
7. Belangrike mates wat geneem moet word is *Roland Ward* en *SCI*, veral *SCI* by buffels en wildebeeste;
8. Mates soos Roland Ward, lengte en basisse van beide horings en *Tip-to-Tip* is baie belangrik. Punte en ringe van beide horings moet gemeet/getel word waar van toepassing;
9. Datum van wanneer mates geneem is;
10. Mikroskyfie nommer;
11. Ouderdom van dier/e op dag van mates geneem;
12. Ouderdom van dier/e op die dag van die veiling;
13. Dragtigheid status en sertifikate van vroulike dier/e.

NB: Alle inligting en foto's vir die katalogus moet voor of op die sperdatum van 09 Februarie 2018 ingedien word.

WILDSWINKEL
maklik eerlik direk

Address Die Klubhuis - first floor,
corner 18th street and Pinaster Ave,
Hazelwood, Gauteng,
0081

Tel (+27 12) 001 3112
Fax (+27 86) 243 3294
Email bemarking@wildswinkel.co.za
Website www.wildswinkel.co.za

Hou in gedagte dat ons graag vir u die beste pryse met maksimum blootstelling wil kry. Dit beteken egter dat ons slegs top kwaliteit diere, wat met die bestes in die industrie vergelyk, wil aanbied op ons Wildswinkel platform. Hou asseblief die bogenoemde in gedagte wanneer u diere geselekteer word vir die veiling.

WILDSWINKEL
maklik eerlik direk

Address Die Klubhuis - first floor,
corner 18th street and Pinaster Ave,
Hazelwood, Gauteng,
0081

Tel (+27 12) 001 3112
Fax (+27 86) 243 3294
Email bemarking@wildswinkel.co.za
Website www.wildswinkel.co.za

Vir enige navrae kontak gerus:

JP Smith	**082 417 8826**
Chris Koch	**076 144 7558**
Carl Vos	**082 467 1807**
Niel Swart	**082 554 3070**
Hans Coetzee	**083 742 1128**

Of stuur jou inligting na inskrywings@wildswinkel.co.za met die verwysing: Bosveld 1

WILDSWINKEL
maklik eerlik direk

Address Die Klubhuis - first floor,
corner 18th street and Pinaster Ave,
Hazelwood, Gauteng,
0081

Tel (+27 12) 001 3112
Fax (+27 86) 243 3294
Email bemarking@wildswinkel.co.za
Website www.wildswinkel.co.za

WILDSWINKEL Bosveld veiling– 10 Maart 2018

Voltooi asseblief die volgende inligting:

Naam en Van:

_____

Entiteit:

_____

Kontak nommer:

_____

E-pos adres:

_____

WILDSWINKEL
maklik eerlik direk

Address Die Klubhuis - first floor,
corner 18th street and Pinaster Ave,
Hazelwood, Gauteng,
0081

Tel (+27 12) 001 3112
Fax (+27 86) 243 3294
Email bemarking@wildswinkel.co.za
Website www.wildswinkel.co.za

Spesie	Getal	Geslag	Horing lengte	Ouderdom	Reserweprys*

Handtekening: Verkoper